Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 22 Oktober 2017 Jr. 6 Nr. 41
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Hoe *connect* ek met God?

Ons beweeg deur ons besige lewens op 'n missie. Om elke dag alles gedoen te kry wat van ons verwag word in vet gedrukte opskrifte op ons kalenders en "te doen" lyste. Besef ons die klem wat ons op funksionele tegnologie geplaas het om seker te maak dat ons elke dag alles gedoen kry.

Ons selfone en rekenaars het 'n kragbron nodig om gelaai te word sodat ons kan funksioneer. Ons benodig seltorings, dataplanne, internetverskaffers, kragopwekkers en veilige wagwoorde - en dit is net om dadelik aan almal en alles gekoppel te kan word. En die doel hiervan? Om die besige selfs nog besiger te maak. Om ons toe te laat om meer in ons 86 400 sekondes van die dag in te forseer.

Maak nie saak waar ek gaan nie daar is altyd 'n herlaaier (*charger*) in die motor en in my rekenaarsak. Ek kan en mag net nooit op 'n plek kom waar ek nie krag het. My lewe sal gaan stilstaan!

Regtig? Ek dink ons is baie keer reg met ons herlaaide fone en iPads, maar **ONS** het nie krag nie. Ons is nie ingeprop nie, tog jaag ons voort.

“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.” Joh 15: 5

Wat as ons bly inskakel en verbind met ons Skepper met dieselfde passie en entoesiasme? Wat as ons God dieselfde toewyding en vertroue gee wat ons aan ons klein ingeboude *know-it-alls* gee?

Nes ons is

Sondag 22 Oktober

Hoe connect ek met God?
Joh 17:21-23

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Werner Schultz
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
10:00 Hoop Geloofgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Werner Schultz
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Getuienisgeleentheid:

Projek vir Gestremdes
Annatjie van Niekerk
anvniekerk@gmail.com of 073 191 6277

Deurkollekte: Projek vir Gestremdes

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - h=8uBrEs

Sondag 29 Oktober

Nagmaal en Hervormingsfees

Met wie sit ek om die vuur?
Hebr 10:24-26, 11:1-2, Pet 2:1-10 en Kol 3:12-17

08:00 Meditatief	Lize van Wyk
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Lize van Wyk
09:30 Informeel	Danie O'Kennedy
09:30 Jeugaktiwiteite	
10:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Werner Schultz
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Wilfred Stripp - lewerkanker
Ermano Aiello - breinoperasie
Johan en Engela Krüger - motorongeluk
Ada Kellerman - herstelproses
Katharina Greyling - operasie
Japie Storm - longkanker het versprei na lewer en rugwerwels
Rinie Victor - herstel na oog-operasie

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.
Of
Elke 2de **Woensdag** (25 Oktober) om 08:15 - 09:00.
Enigeen is welkom.

Wat gebeur die week:

Dinsdag 24 Oktober
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Erediensswerkgroep
19:00 Kerkraadsvergadering - Kapel

Woensdag 25 Oktober
08:15 Bid

Donderdag 26 Oktober
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Belydenisaflegging op 22 Oktober by die informele diens:

Ruan Beets (Roux & Grazie)
Herman Bester (Pieter & Karen)
David Beyers (Riaan & Riana)
Theo Brand (Johann & Marilize)
Ico Coetzee (Johan & Maryna)
Heine Coetzee (Johan & Luise)
Michael Cowley (James & Marianna)
Kayla Dry (Etienne & Christa)
Hanneke du Plessis
(Philip & Amanda)
Irene du Toit (René & Bertus)
Mishka Ellis (Philip & Natalie)
Annemari Eloff (Veronique)
Monique Fisher (Andrew & Christelle)
Mia Fourie (Heine & Annaleen)
Leandri Herrewyn (Henri & Cecile)
Ethan Smit (Quinten & Estlé)
Rözalie Janse van Vuuren
(Renier & Renette)
Megan Malherbe (Ian & Tina)
Mika Marnitz (Leon & Elsabé)
Trichardt Meij (Theo & Sone)
Catherine Muller (Johan & Hannelie)
Emma Oosthuizen (Chrianto & Didi)
Hanju Potgieter (Johan & Marisjanne)
Emile Roberts (Roy & Phil-Marié)
Liam Schreiber (De Wet & Annette)
JC Serfontein (Campher & Adéle)
Nina Smit (Riaan & Jolene)
Liam Truter (André & Shea)
Stephanie van der Westhuizen
(Wim & Sunette)
Mico van Aarde (Gielie en Almarie)
Jané van Wyk (Kotzé & Adél)
Inné van Zyl (Albertus & Lizanne)
Martin van Zyl (Pierré & Kobie)

Kom kuier saam

Ons wil graag as gemeente mekaar beter leer ken en watter lekkerder manier as om saam te eet.

Sondag 29 Oktober is Nagmaalsondag en ons wil lekker saamkuier na die informele diens. Potjiekos en boereworsrolle is te koop en daar sal ook ‘n paar vure wees die wat wil braai.

Tafels en stoele is beskikbaar, bring jou eie mandjie met eetgerei en drinkgoed. Kaartjies vir die hoenderpotjie (R50) en boereworsrolle (R25) moet asseblief vooraf gekoop word.

Jy kan ook jou bestelling en betalingsbewys e-pos na: ontvangs@nghelder.co.za. Ons bankbesonderhede is agter op die Helderstem, verwysing is *potjiie*.

Betaalde kaartjies moet vooraf afgehaal word. Kom geniet die dag saam met ons.

Projek vir Gestremdes

Ek kan nie sien nie

Ons kan nie hoor nie

Ek kan nie my hande gebruik nie

Hierdie kinders het almal iets in gemeen: Elkeen is gebore met ‘n gestremdheid.

Die 2014 sensus in Suid Afrika het getoon dat 7,5% van die inwoners van Suid-Afrika een of ander vorm van gestremdheid het, dws, amper 10%. Dis een uit 10 mense. Dis baie.

Hoeveel van julle ken iemand wat gestremd is? Dalk iemand wat na aan jou is? Hoeveel persone met gestremdhede is hier in die kerkgebou? Of bly hulle weg omdat hulle nie welkom voel nie? Skaam is? Of dalk nie deel van die “normale” mense voel nie.

Stel jou voor dat jy elke dag wakker word, die son op jou voel skyn, maar jy kan nie die blomme sien nie. Of die voëls hoor sing nie. Of saam met jou kinders in die veld rondloop nie. Om met ‘n gestremdheid saam te leef is moeilik – maar om nie aanvaar te word nie is moeiliker.

Plaas jouself vir ‘n oomblik in die ouer van die blinde, die dowe, die serebraal gestremde kind se skoene. Wat se tipe ondersteuning sou jy wou hê? Simpatie, of aanvaarding en insluiting.

Die projek vir gestremdes het die afgelope paar jaar drie organisasies ondersteun, nl Senecio, wat terapie en ander ondersteuning bied aan kinders met fisiese gestremdhede, Gloria Botha skool vir kinders met intellektuele gestremdhede en Aanhouwen, ‘n sentrum vir volwassenes met intellektuele gestremdhede.

Hierdie organisasies doen wonderlike werk, en ons sal hulle steeds ondersteun soos die behoefte hom voordoen. Maar ons wil graag ons fokus verskuif na die breër liggaam van persone met gestremdhede.

Ons span het onlangs ‘n ondersoek geloods na die toeganklikheid van die kerkgebou en fasiliteite vir persone met gestremdhede tov mobiliteit, visie en gehoor. Ons verslag is ingedien, en hopelik sal daar ‘n paar positiewe gevolge wees, veral tov van toeganklikheid vir persone met gestremdhede tov mobiliteit.

Dis belangrik om te weet wat die werklike behoefte is. Moet daar ‘n klankweergawe van die Helderstem op die webblad geplaas word vir gesiggestremdes? Is dit nodig om bv boeke in groot druk aan te skaf? Het ons dalk ‘n tolk nodig wat gebaretaal praat tydens die erediens? As ons nie weet wat die lidmate se behoeftes is nie, kan ons nie daarop reageer nie. Praat met ons. Laat weet wat jou behoeftes is.

Kom ons vat hande en maak ‘n verskil.

Versoeke en kommentaar kan gestuur word na: anvniekerk@gmail.com of na ontvangs@nghelder.co.za

Annatjie van Niekerk - Projekleier

Helderberg UITREIK

Kamp vir alle jong werkendes

(3-5 Nov)

Nog ‘n paar plekke is oop. Kontak Drikus du Toit as jy belangstel (drikus0329dutoit@gmail.com of 079 499 5196).

MA HET GESê

EK MAG

OORSLAAP!

Gr.1 – 3 Oorslaap

Vrydag 27 Oktober - Saterdag 28 Oktober

Jeugsentrum

Navrae: lizl@nghelder.co.za

Versorgingsfonds het ‘n dringende behoefte aan ‘n tweeslaapkamer woonstel / huisie met onmiddellike effek / so spoedig moontlik.

Kontak asb vir Hennie Smit by 083 228 3482 indien jy kan help.

Wat het toe gebeur?

Die **24-uur Bybelleesmarathon** was ‘n reuse sukses en die atlete het met ‘n rekordtyd van 15 uur 30 minute klaargemaak. Daar was 318 tydsgleuwe van 15 minute. Oud en jonk het deelgeneem. Ter afsluiting het die gemeente en jeug het tydens die informele diens die laaste verse van Openbaring 22: 21 en 21 hardop saam gelees: “*Hy wat dit alles getuig sê: “Ja, Ek kom gou!” Amen! Kom, Here Jesus! Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.”*

Hier volg ‘n paar aanhalings van die deelnemers:

✦ Die Bybelleesmarathon was voorwaar 'n heerlike ervaring. Daar is regtig 'n behoefte om die Woord te lees - dit was verrykend om te sien hoe mense inkom en net nie kon ophou lees nie. Verskeie mense het gesê dat hul dele gelees het wat hulle nog nooit gesien het nie - so het die Here met elkeen 'n afspraak gehad.

✦ Ek kon nie ophou lees nie…

✦ My gedeelte het so met my gepraat …

✦ Die 15 minute tydslot was te kort toe ek eers begin lees…

✦ Ek het ‘n gedeelte gelees wat ek nog nooit vantevore gelees het nie – dit was so interessant …

✦ Dis wonderlik om te sien hoeveel kinders deelgeneem het!

Kleuterkerk 2018: Jy kan ‘n verskil maak

Pappas, mammas, oupas en oumas raak asseblief op die volgende maniere betrokke by ons Kleuterkerk, ons het jou hulp nodig:

- Lesaanbieders wat ongeveer 3 – 4 keer per kwartaal uitgewerkte lessies aanbied,
- Kleutersangbegeleiding/-aanbieding vir ongeveer 15 minute,
- Hulp-koördineerder wat elke Sondag beskikbaar is en die Kleuterkerk admininistrasie kan hanteer.

Navrae: Lizl Botha 084 800 2764 of lizl@nghelder.co.za

KINGDOM LONGBOARDS
RSASoft
LSA
STRAND SIGNS
Have Heart FEST '17
LONGBOARDING COMPETITION & SKATE FESTIVAL
EVERYBODY WELCOME!
FOOD | STALLS | KIDS ACTIVITIES
WE INVITE YOU TO BE A PART OF THE MOVEMENT
25 NOVEMBER 2017
TECHNO PARK, STELLENBOSCH
AIMING TO SEE, LOVE & RESPECT EACH OTHER FOR WHO WE ARE
haveheartfestival
www.haveheart.co.za

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 16:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
helderhelp@gmail.com

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*